

Op reis, opnuut

Syferman, statistikus, top-akademikus. Maar óók: mense-mens met ’n vlymskerp humorsin. Dis Eon Smit. **HANLIE RETIEF** het met hom gesels.



"Die reis het 'n veel dieper indruk op my gemaak as die stasies langs die spoor …"

Dis 'n Maandagoggend en buite streep die reënvlae teen die ruite van prof Smit se kantoor aan die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB).

Vir dertien jaar was hy direkteur van dié bestuurskool hier teen 'n heuwel in Bellville, maar nou, op sestig, het dit tyd geword vir nuwe horisonne. Eers wag 'n jaar se studieverlof. Vir hom wink 'n sabbatsreis deur Suid-Afrika – hy wil toer "van doringboom tot doringboom".

In 2011 sal studente weer hul prof se uitbundige lag in die gange hoor as hy sy werk as dosent voortsit.

"Die USB was 'n wonderlike, produktiewe tuiste vir my," som dié statistikus en ekonoom 23 volgepakte jare op.

Kyk hy terug, staan een ding helder uit: die unieke kans om ná twintig wildernisjare van akademiese boikotte die USB uiteindelik te kon posisioneer as 'n gerespekteerde lid van die internasionale gemeenskap van bestuurskole.

"Wat sal ek mis?" vra hy, half vir homself, oggendkoffie stomend in die hand, terwyl hy uitkyk op die winterlandskap.

"Ons was hierdie klein groep akademici, aangevuur deur die wil om die USB 'n internasionale sukses te maak. Hoe Marion Leurs, my persoonlike assistent van meer as 'n dekade, een keer regdeur Kersfees en Nuwejaar moes werk, sonder om te kla. Hoe die kombuis- en skoonmaakpersoneel my altyd vroegdag met soveel wellewendheid hier verwelkom het. Daar's die studente…"

Met elke vars inname deel prof Smit altyd dié inspirasie: hoe 'n musiekonderwyseres aan 'n plaaslike hoërskool haar dapper ingeskryf het vir haar MBA. "Een van enkele vroue in die klas, moes sy haar vrou staan tussen 'n klomp moeilike mans in 'n hoogs mededingende omgewing – met groot sukses.

"Vandag is sy 'n senior portefeuljebestuurder by 'n groot finansiële instelling." Musieknote vir banknote verruil, as't ware.

Met sy aanstelling as direkteur, ten tye van die opbloei van die nuwe demokrasie in Suid-Afrika, was die opdrag eenvoudig: kry die USB op die internasionale speelveld.

Dié opdrag – verskeie suksesvolle akkrediterings en die privatisering van die USB-BO – sou uiteindelik prof Smit se grootste erfenis aan die USB word.

Hy sal nooit vergeet toe die eerste Europese span destyds die USB kom evalueer het nie. "Een van die vereistes was 'n 'internasionale karakter'. Die ouditspan, uit Brussel, was egter onseker oor wat 'internasionaal' impliseer in 'n Afrika-konteks.

"In Brussel is dit maklik, Frankryk en Duitsland is net langsaan. Maar 'Afrika' was vir hulle 'n enkele entiteit, hulle kon moeilik aanvaar dat studente uit Nigerië of Tanzanië 'internasionale studente' is. Dit was moeilik om hulle daarvan te oortuig."

Die USB is in 2000 vir die eerste keer internasionaal geakkrediteer. "Slegs sestig van die sowat 3 500 bestuurskole wêreldwyd kon destyds spog met dié akkreditasie. Ons was boonop die eerste nie-Europese lid van dié uitgelese groep."

> 'Ons was hierdie klein groep akademici, aangevuur deur die wil om die USB 'n internasionale sukses te maak.'

FOTO'S: DON BAYLEY

Kortliks

- Hy's 'n boorling van **Caledon**, grootgeword op Moorreesburg , seun van 'n motorhandelaar, met 'n bry wat hy met hárde werk afgeleer het.
- Sy seun, **Andreas**, het pas Honneurs BCom afgestudeer, en werk by SABMiller in Pretoria.
- Toe die Reserwebank-president **Tito Mboweni** studente aangeraai het om eerder ekonomie te studeer, want die MBA is bloot 'n "deeltydse graad vir uitvoerende hoofde", het prof Smit hom geantwoord: "Ek stem saam. Ons lei nie amptenare vir die Reserwebank op nie, ons lei bestuurders en leiers op vir die toekoms …"
- Twee vormende invloede op sy loopbaan:
  - **Dr Karel Bos**, voormalige voorsitter van die USB se Adviesraad: "Die filosoof en industrialis het my aan Machiavelli bekend gestel. Hy is 'n wêreldklas entrepreneur met ouwêreldse Europese waardes wat nog op tagtig sy eie Spitfires vlieg en met sy jag seil in die Noord-Atlantiese stormsee.
  - **Peter Lorange**, voormalige direkteur van die Switserse bestuurskool IMD: "Hy het die rol van bestuurskole vlymskerp kon ontleed en altyd daarin geslaag om werklike substans van blote modeverskynsels te onderskei."

Skielik het deure oopgegaan vir samewerking en dosente- en studente-uitruiling, iets wat in die apartheidsjare haas onmoontlik was.

"Ons is nie eens toegelaat om oorsese bestuurskole se kampusse te betree nie. As ons iemand wou ontmoet, was dit klandestien, so half by die kafee om die hoek.

"Ek is gereeld by internasionale konferensies uitgeboender. Soos 'n Finse verteenwoordiger dit eenkeer duidelik gemaak het: almal is welkom, behálwe mnr Smit van Suid-Afrika.

"Die Japanners was darem bereid om 'mnr Smit' te aanvaar, maar net drie weke >

voor die konferensie kry ek 'n waarskuwing van die Japanse regering dat hulle my sou deporteer indien ek hul grondgebied betree."

Watter absurde tye, glimlag hy. "Die wonder daarvan: om groot te word in 'n geslote apartheidsmilieu, en dán te ervaar hoe die sakewêreld vir jou oopgaan.

"Deesdae is diversiteit – en dus ook Suid-Afrika as voorbeeld – wêreldwyd op bestuurskole se agendas. Op 'n manier blý ons die geur van die maand. Daarmee saam besef die buiteland toenemend jy kan in dié uithoek van die wêreld uitstekende akademiese opleiding kry teen 'n fraksie van die koste.

"Veral studente uit Afrika wat tradisioneel die roete na hul koloniale moederland gevolg het, kom nou hierheen."

Bestuurskole word natuurlik nou oraloor vir die wêreld-ekonomiese krisis verwyt. "Dis alles óns skuld, die CA's en dié mense het geen aandeel daarin gehad nie," sê die professor tong in die kies.

"Maar ons hét lesse geleer. Ons MBA, soos dié van elke topskool in die wêreld, het verander. Die leitmotiv is nou integrasie van vakke, die verpraktisering van die kursus, en fokus op leierskap en waardes. In die ou dae was MBA en arrogansie sinoniem. Dis nie meer so nie."

Wat hom verstom van die huidige ekonomiese krisis was hoe die wêreld binne sewe dae byeen kon kom om saam te besluit op maatreëls om die negatiewe psigose te stop.

"Nog nooit in die geskiedenis was daar so 'n gesamentlike globale aksie van 'n ekonomiese aard nie.

"Die impak van die resessies op sakeskole is interessant. In teenstelling met Suid-Afrika het Amerikaanse MBA-studente vir 'n jaar of twee gedros. Sakeskole in Suid-Afrika ervaar dié resessie tans positief: jonger mense wat nie dadelik werk kry nie kom nou vir verdere opleiding. Sakeondernemings gebruik dié stiller tyd om in hul personeel te belê deur MBA's of bestuurskursusse."

Hy het by die Bestuurskool begin as 'n *quant,* "soos hulle iemand wat kan optel, aftrek, maal en deel destyds genoem het", skerts hy.

"Ek is opgelei as 'n statistikus en ekonoom. In die vroeë 90's was die pendulum wat die inhoudelike van die MBA betref, hard en analities. Dit het geswaai, en dit moes: die *quants* het te groot klem op korttermyn wins geplaas, en te min op die omgewing, verantwoordbare regering en menslike etiek."

Prof Smit is reeds 21 jaar beoordelaar van Sake24 se Ekonoom van die Jaar-kompetisie. Sy toesprake op dié wedstryd se dinees word alomweë beskou as intellektuele juwele.

Hy is die 'brein' agter die formule waarvolgens die wenners bepaal word. Oor dié sogenaamde 'geheime formule' lag hy onbevange. "Iemand het êrens die idee gekry dis geheim, maar dis sommer 'n *urban legend.* Enigeen kan gaan sit en daardie somme doen."

Die een ding wat dié wedstryd hom geleer het, is dat mense geneig is tot tropvorming. "Elke jaar begin deelnemers met eie standpunte oor waarheen die ekonomie op pad is. Maar ná die eerste ronde begin die menings versmelt tot 'n gemiddelde (trop-) opinie.

"Dit dra egter ook gewig, want dié verwagting van 32, 33 hoogs ingeligte mense is 'n unieke bron van informasie. In die ekonomie volg die realiteit verwagtinge, en as jy verwagtinge draai, sal die werklikheid ook volg. So hierdie wedstryd is jaarliks 'n interessante data-stel van verwagtinge."

Maar nou lê daar eers 'n geskenk van tyd in dié professor se skoot. Tyd om 'n kursus te doen in Italiaanse kookkuns, om weer lid van 'n wynklub te word. En uiteindelik die kans om die lesse en ervarings van die laaste veertien jaar vir vólgende geslagte studente en dosente te kan boekstaaf.

En ná sy sabbatsjaar sal studente wéér met dieselfde heilige ontsag kan sit in sy statistiek-klas. a

Summary: Another track

At the age of sixty, and after a thirteen-year stint as director of the USB, Prof Eon Smit plans to remain on track at the USB, but will re-route.

"The USB was a wonderful, productive home for me," he summarises his involvement of 23 years. Looking back, the highlight of his tenure was undoubtedly the positioning of the USB as a top global business school after the academic drought of the apartheid years. To achieve this, European accreditation was sought and, in 2000, finally achieved.

Among 3 500 business schools worldwide, the USB is now in a very special league of only 118 schools with European accreditation. This is perhaps Prof Smit's greatest, and lasting, legacy.

Ask him about the present global economic crisis, and he says he was astounded by the extremely quick international economic reaction to the crisis.

"Never before in history could we witness such a global collaborative economic action.

"The crisis has also changed the whole concept of the MBA. MBA and arrogance used to be synonymous. Not any longer. The leitmotiv, now, is integration of subjects and a new focus on leadership and values."

These have been part of the USB curriculum for many years, with courses breaking ground in areas like business ethics. With 'diversity' a current global catch phrase, and the growing international realisation that the USB offers first-class academic training at a fraction of the cost, the future indeed looks bullish.

His years at the USB have also been a personal journey for Prof Smit – from intellectual and 'quant' to mensch. "In the end, the journey left a vastly deeper impression than the stations along the railway line," he concludes.

ONTHOU JY NOG?

Deel jou herinneringe oor die USB. Skryf aan **agenda@usb.ac.za**; of sms ons by **39841 teen gewone sms-tariewe.**